VLOTVAART 2021

Reëlings m.b.t. Covid-19 beperkings – lees asseblief aandagtig!

As almal saamwerk, kan ons ten spyte van die beperkinge, nogtans ‘n lekker geleentheid skep en geniet.

- ALMAL woon Vlotvaart op eie risiko by.
- Getalle: word beperk tot 1000.
- Kommando’s en Oorde se totale getalle word NIE beperk nie.
- **Sluitingsdatum is 12 Oktober.**
- **Almal, insluitend Verkenners en Graad 6-7 neem vanjaar weer deel.**
- Daar sal ook weer ‘n kategorie vir volwassenes wees.
- **Datum en tyd**: **Saterdag 16 Oktober**. Kommando’s kan vanaf 11 uur die oggend inkom en begin vlotte bou.
- **Die volgende tye is van toepassing:** wedren begin om 18:00 en eindig om 24:00 [van toepassing op die dam wat publieke gebied is]. Vlotte op die water teen 23:15 sal toegelaat word om daardie been te voltooi. Die wedren begin dan weer om 04:00 en duur tot 06:00. Vlotte wat teen 05:15 op die water is, kan daardie been voltooi.
- Niemand mag die terrein vóór 04:00 die Sondagoggend verlaat nie.
- Om 07:00 sluit ons af.
- Kommando’s /Oorde moet indien moontlik en vir identifikasie, ‘n unieke uitkenning dra, bv. dieselfde kleur pette, hemde, ‘buffies’ of armband, of iets dergliks.
- **Verdere Covid-19 reëls:**
  1. Kommando’s is self verantwoordelik vir die nakoming van die reëls.
  2. Om 18:00 moet elke Kommando/Oord die voorgeskrewe register inhandig: temperatuur per persoon gemeet en verklarings gedoen. M.a.w. sodra ‘n persoon by sy/haar kommandostaanplek aankom, moet ‘n aangewese persoon die register voltooi. Indien iemand se temperatuur hoog is, sal hy/sy verplig word om die terrein te verlaat. Hierdie register sal deur die organiseerders opgestel word uit die name soos verskaf deur die Kommando’s/Oorde per inskryfvorm.
  3. Kommando’s reël self vir genoegsame handreinigers en ontsmettingsmiddels, asook temperatuurmeter(s). Vlotsitplekke en spane moet na elke roeibeen ontsmet word.
  4. Maskers moet permanent gedra word.
  5. Vlotvaart is van so 'n aard dat sosiale afstand nie verseker kan word nie: ‘n vlot is net so groot. Kinders is egter in die buitelug.
  6. Die wat wil slaap, sal sy/haar eie tent moet saambring. Persone word aangeraai om nie tente te deel nie maar waar hulle nie 'n opsie het nie, geld die 50% kapasiteit reël. Indien iemand nie gehoor hieraan gee nie, doen hulle dit, soos genoem, op eie risiko.
  7. Lede wat Vlotvaart bywoon neem deeglik kennis van die bogenoemde, en woon nieteenstaande die bogenoemde, die Vaart vrywilliglik by en neem vrywilliglik deel aan die aktiwiteite.
  8. Nie Die Voortrekkers, Vlotvaart of enige volwasse lid van Die Voortrekkers sal persoonlik of andersins aanspreeklik gehou word nie, in die geval waar enige virus, bakterie of siekte aan ’n persoon oorgedra word, en bly ’n lid se persoonlike gesondheid, sy/haar eie verantwoordelikheid. Dus woon die lid Vlotvaart op eie risiko by.